Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Mark van der Vendt**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za |021 467 2509

Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: 20240425-3370

Strategiese Mensbestuursminuut: 0006/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Werknemers wat sake doen met 'n staatsinstelling**

1. In opvolging van Strategiese Mensbestuursminuut 0002/2024, gedateer 29 Januarie 2024, is Omsendbrief 13/2024, gedateer 11 Maart 2024, deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie uitgereik ten opsigte van goedgekeurde etiek-direktiewe van die Minister vir Staatsdiens en Administrasie, wat vanaf 01 April 2024 in werking getree het.

2. Ingevolge die etiek-direktiewe word 'n werknemer verbied om as 'n individu, eienaar van 'n maatskappy of direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy op die Nasionale Tesourie se Sentrale Verskaffersdatabasis te registreer, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) gelys is.

3. Regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, verklaar dat 'n werknemer "*nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is*".

4. Sake sluit enige sake, handel, beroep, professie, roeping, bedryf of onderneming van enige aard in, of enige bedrywigheid wat vir wins of profyt as doel deur enige persoon binne die republiek of elders bedryf word, en sluit alle eiendom in wat ontstaan uit, of gebruik word in, of met die doel om voort te gaan met sodanige ander bedrywigheid, asook al die regte en verpligtinge wat uit sodanige ander bedrywigheid voortspruit.

5. 'n Werknemer word geag om "sake met 'n staatsinstelling te doen" wanneer 'n werknemer of 'n werknemer wat as 'n direkteur van 'n private of openbare maatskappy optree:
   (a) 'n skriftelike of mondelinge ooreenkoms met 'n staatsinstelling sluit of voornemens is om sodanige ooreenkoms te sluit (ongeag die proses wat gevolg is);
   (b) se indiensneming by die departement nie geassosieer word met sodanige ooreenkoms nie; en/of


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

(c) deur sodanige ooreenkoms goedere of dienste aan enige staatsinstelling verskaf waaruit die werknemer persoonlik, finansieel of andersins voordeel trek.

6. Indien ’n werknemer sake gedoen het met ’n staatsinstelling voordat die werknemer deur die departement in diens geneem is, moet die werknemer verseker dat die verhouding beëindig word voordat die werknemer diens aanvaar in die departement.

7. Enige beweerde oortreding van regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, deur enige werknemer, sal vir die doel van dissiplinêre optrede onderworpe wees aan ’n ondersoek na die beweerde oortreding.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-05-07